



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

Lestitel: Konfirmasie-eed

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Konfirmasie-eed**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel

Konfirmasie-eed

Lesdoelwit

Die konfirmante sal die oorsprong en betekenis van die konfirmasie-eed leer.

Lesopsomming:

Agtergrond: Wat is konfirmasie?

Konfirmasie is 'n handeling van seën waarin jong Nuwe Apostoliese Christene die verantwoordelikhede op hulself neem wat hul ouers / voogde namens hulle onderneem het tydens hul doop en verseëling. Konfirmante belowe om getrou aan God te wees en bely hul Nuwe Apostoliese geloof voor die gemeente.

Inhoud:

1. Die bewoording van die konfirmasie-eed:

Ek verwerp Satan en al sy werk en weë, en gee myself oor aan U, O drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, in geloof, gehoorsaamheid en die ernstige voorneme om aan U getrou te bly tot aan my einde. Amen.

2. Die oorsprong van die konfirmasie-eed:

- In die 3de eeu word vroeëre vorms van die gelofte aangetref in die "Traditio Apostolica" - Apostoliese tradisie (dit is 'n boek, soos 'n handleiding oor die vroeëre kerklike lewe).
- In 'n ritueel (ritueel, sakrament of 'n seremonie), baie soortgelyk aan die doop, is 'n gelowige gevra:

'Verwerp u die duiwel en sy werke?' en "verwerp jy die wêreld en sy plesier?" By albei geleenthede was die antwoord: 'Ek verwerp.'

- Toe word die gelowige drie vrae gevra:
 - "Glo u in God, die Almagtige Vader?",
 - "Glo u in ons Here Jesus Christus (en sy kruis)?" en



□ "Glo u in die Heilige Gees?"

- Op elkeen van hierdie vrae moes die gedoopte antwoord: 'Ek glo'.
- Eerstens is die duiwel verwerp, en daarna moes daar trou aan Jesus Christus beloof word.
- Uit hierdie fundamentele elemente het die konfirmasie-ees ontwikkel.

3. Die betekenis van die konfirmasie-ees:

“Ek verwerp Satan en al sy werk en weë” beteken:

- Na die beste van ons vermoë, wil ons onself van sonde bevry, alle bose en goddelose dinge vermy.
- Dit beteken nie dat ons, nadat ons die eed afgelê het, nie meer sondig nie, maar dat dit die uitdrukking is van 'n fundamentele besluit om "nee" te sê vir die duiwel en die sonde.

“En gee myself oor aan U, O drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees” beteken:

- Ons besef dat ons nie op eie krag die versoeking van sonde kan weerstaan nie; ons het God se hulp, die genade van Christus en die gemeenskap van die Heilige Gees nodig.
- Ons druk bewustelik uit dat ons God se hulp nodig het en terselfdertyd bely ons die drie-enige God, wat in ons eerste drie geloofsartikels opgeteken is.

“In geloof, gehoorsaamheid en met die ernstige voorneme om aan U getrou te bly tot aan my einde.” beteken:

- Oorgawe aan God is nie 'n tydelike saak nie en die erns van die bedoeling om te lewe in geloof en gehoorsaamheid aan God, word uitgespreek.
- Die konfirmasie-ees is dus bindend vir 'n mens se hele lewe.

"Amen." beteken:

- “Amen” - beteken “wat ek sê, is waar.” Dus, om Amen te sê nadat die konfirmasie-ees afgelê is, beteken in wese dat wat gesê is, getrou en waar is.



Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

Tydens jou laaste konfirmasiejaar sal jy leer om die eed op te lê. Hierdie les het ten doel om jou 'n begrip van die eed te gee. Volgende jaar sal daar baie lesse geleer word wat sal help om jou kennis en begrip van jou geloof te vergroot. Dit sal lei tot 'n wonderlike konfirmasieseën.

Jou doel is om jou konfirmasie-ees met 'n vaste oortuiging (geloof) af te lê.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wat moet ek weet en leer gedurende my konfirmasiejaar?

Jy moet die hoofbeginsels van die Nuwe Apostoliese geloof (Tien geloofsartikels) ken en verstaan en bereid wees om jou lewe volgens die evangelie te lei.

2. Wat beteken die konfirmasieseën? Wat doen dit vir my?

Die seën versterk jou en help jou om die belofte wat jy gemaak het in die konfirmasie-ees na te kom.

3. Is ek oud genoeg om so 'n groot verantwoordelikheid op my te neem?

Jy is op 'n stadium in jou lewe wat jy die gevolge van jou daad verstaan en weet wat reg en verkeerd is. Jy is opgevoed in die geloof in jou ouerhuis en / of in godsdienste, sowel as deur godsdiensonderrig in die kerk en veral gedurende jou konfirmasiejaar.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan lê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen